

Inhoud Hierdie preek stel die verskil aan die orde tussen tussen gesagsdraers wat lagwekkend en verspot is, en 'n lewensingesteldheid wat alle gesag belaglik en bespotlik maak. Dit spreek die apatiese lewenshouding en dissosiasie waarin mense toeskouer op hulle eie lewe geword het. Dit wys dat Jesus Christus se gesag ons bind aan ontsag vir God en eerbied vir gesag en nie bemagtig om alles en almal belaglik te kan maak met 'n meerderwaardige spiritualiteit nie.

Skriflesing Judas

Teks Jakobus 20 "Maar julle moet, geliefdes, deur julle self op te bou in julle allerheiligste geloof, ... julle self in die liefde van God bewaar. ..."

Tema Christus as Vors en Here gee ons ontsag vir God en respek vir mense

1. Ons leef in 'n tyd waarin mense in gesagsposisies lagwekkend en verspot is. Verspot omdat hulle nie geskik is vir die posisies wat hulle beklee nie, en lagwekkend vir die onbeholpenheid in hul take en dwaasheid van hulle besluite. Dit raak nie net so in die openbare samelewing nie, maar ook die kerke. Ook kerklike ampsdraers is lagwekkend en verspot.

Hierdie daaglikse werklikheid waarin ons leef, is egter besig om 'n lewenshouding te regverdig wat die liefde van God waarin ons leef en die geloof waarin ons die Here dien, te ondermyn.

Dit is die lewenshouding wat Judas in sy brief aanspreek: 'n houding waarmee ligsinnige mense alles in die lewe belaglik en bespotlik maak. Judas beskryf hulle so: hulle belaster alles wat hulle nie ken nie (10), hulle maak alles bespotlik (18), hulle vind fout met en mor oor alles, terwyl hulle terselfdertyd grootmond en vleierig is. (6)

Hierdie is twee heeltemal verskillende sake. Die een saak is regtig so dat mense in die gemeenskap en kerk in openbare posisies lagwekkend is vir hulle onbeholpenheid en verspot is vir die dwaasheid van hulle besluite.

Deel van ons menswees is om wanneer ons magteloos aan sulke lagwekkende en verspotte situasies blootgestel word, om dit onmiddellik met humor af te reageer. Dit is 'n noodsaaklike oorlewingsmeganisme wat maak dat ons onself beskerm teen sulke ligsinnigheid. Met humor openbaar ons die lagwekkendheid en verspotheid sodat ons die onvanpastheid van sulke ligsinnigheid kan ontbloot.

2. Dit is nie die probleem wat in die brief Judas aangespreek word nie.

Daar is nie en daar kan nooit enige Bybelgedeelte gebruik nie word om vir mense voor te skryf dat hulle nie sulke lagwekkende en verspotte optredes van gesagsfigure nie met humor mag ontbloot word vir die ligsinnigheid wat dit is.

Om die inhoud van Judas te kan eien vir ons eie geloofslawe moet ons **onderskei tussen gesagsdraers wat lagwekkend en verspot is, en 'n lewensingesteldheid wat alle gesag belaglik en bespotlik maak.**

Daarom wil ek vir u graag hierdie onderskeid verwoord met die verskil tussen

- om self belaglik en verspot op te tree en te wees,
- teenoor om álles belaglik en bespotlik te maak. Veral met die klem op die woord “alles”: om alles belaglik en bespotlik te maak.

Om in jouself en jou optrede lagwekkend en verspot te wees is totaal iets anders as 'n lewenshouding waarin jy alles belaglik máák en alles bespotlik máák.

Judas is in hierdie brief besig om die tweede saak, nie die eerste saak nie, direk aan te spreek.

Judas noem homself die broer van Jakobus. Jakobus en Judas was Jesus se eie broers, kinders van Josef en Maria. Hy noem homself nie Jesus se broer nie, maar 'n dienskneg van Jesus Christus. Dit beteken dat hy as een van Jesus se broers, wat volgens Johannes 7 nie geglo het dat Hy die Messias is nie, tot geloof gekom het na die Here Jesus uit die dood uit opgestaan het, en 'n prediker van die evangelie van Jesus geword het.

Die lewenshouding wat besig is om in die christelike gemeentes te begin wys, is so ernstig dat Judas sy plan met die brief wat hy aan die gemeentes stuur verander het. Hy wou vir hulle 'n brief skryf oor die verlossing deur die Here Jesus Christus waarvan hulle almal deel is. Die nuwe lewenshouding wat egter nou in hierdie gemeentes begin wys is egter so ernstige bedreiging vir hulle geloof dat hy hulle teen hierdie nuwe lewenshouding wil waarsku.

'n Lewenshouding waarin alles en almal belaglik en bespotlik gemaak word – in die Naam van Jesus Christus.

3. Ons moet die verskynsel in die gemeentes behoorlik raaksien. Alles en almal word belaglik en bespotlik gemaak – in die Naam van Jesus.

Judas wys dit gaan oor goddelose mense wat gemeentes volgens Judas binnegesypel het. Dit verwys na predikers sowel as na lidmate. Binnegesypel beteken dat hulle deel van die gemeentes geword deur Jesus te aanvaar, maar nie tot geloof in Jesus Christus gekom het as Vors en Here nie.

Die dubbele benaming van Jesus as Vors én Here, kom net hier in die Bybel voor. Vors beteken Heerser en Here beteken “Yahweh”, God van sy verbondsbeloftes. Die manier waarop hulle Jesus aangeneem het, was nie om Jesus Christus as Vors en Here te aanvaar nie. Hulle het Jesus op so wyse aanvaar dat die manier waarop hulle Jesus aanvaar het, God se genade in losbandigheid verander het.

Hulle het Jesus op so wyse aanvaar dat hulle in die Naam van Jesus alles en almal belaglik en bespotlik kon maak!

Dit is die wesenlik kritiek van Judas op hoe hulle Jesus aanvaar en in sy Naam alles belaglik en bespotlik maak – hulle aanvaarding was Jesus Christus is en was niks anders nie as die ontkenning Jesus Christus as Vors en Here. (4)

4. Hoe hulle Jesus aanvaar het, het hulle bemagtig om hulle droomvisioene te ervaar as God wat met hulle praat op so manier dat hulle hulle eie drange en wil ervaar as God se openbaring van Homself aan hulle. (8)

Hierdie identiteitsverhouding wat hulle geglo het, Jesus vir hulle met God gee, het in hulle die arrogansie geskep dat hulle alle gesag kan verwerp en ook die hemelwesens kan belaster, dit is belaster deur te maak asof hulle en engele met mekaar gesels en op voornaam terme is. Dit het hulle die houding gegee om in God se Naam almal met meerdere gesag as hulle, mense en engele, te kan hiet en gebied.

Judas gee vir ons 'n insiggewende voorbeeld. Hy wys dat engele nie die gesag of mag het om mense te mag straf nie. Hulle mag net daarop wys dat God sonde straf. Hulle mag dit nie self bestraf nie. God bemagtig nie engele of mense om namens Hom te mag optree asof hulle God se gesag of mag verteenwoordig op aarde nie.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Kinders mag hulle op hulle ouers se gesag en mag beroep, maar mag nie dit namens hulle uitoefen nie. 'n Kind mag vir 'n arbeider opdragte oordra wat hul ouers gevra het om oor te dra, maar hulle mag nooit arbeiders hiet en gebied as kinders, omdat hulle kamstig hul ouers verteenwoordig nie. Kinders moet met eerbied teenoor arbeiders optree! Nie aanmatigend in die Naam van hul ouers nie.

5. 'n Kind wat vermetel optree teenoor arbeiders, is 'n kind wat ook teen sy ouers gaan vermetel optree. Hy gaan met sy ouers praat of hy deel van hul gesag en mag is en só met hulle praat.

Kyk hoe verwoord Judas dit in vers 15: "vir al die vermetelege dinge wat goddelose sondaars teen Hom uitgespreek het." Hulle is vermetel teenoor Jesus Christus as Here en God, in die Naam van Jesus!

Die Jesus wat hulle aangeneem het, maak hulle vermetel teenoor Jesus Christus, Vors en Here. Vir hulle is Jesus nie meer God nie! Daarom bely Judas die geloof van die kerk juis teenoor hierdie ontkenning van Jesus as God, in sy lofprysing van Jesus Christus aan die einde van die brief met die titels: die enigste God, ons Verlosser, deur ons Jesus Christus ons Here" aan wie die heerlikheid, majesteit, krag en mag, - van voor alle tye en ook nou en tot in alle ewigheid behoort. (25)

Hulle het Jesus op so manier aangeneem dat hulle teenoor God vermetel kon word! Die Jesus wat hulle aangeneem het was nie Christus wat Vors en Here is nie, maar hulle droom-Jesus.

Hoe werk dit?

Dit gaan oor die effek van die gelowiges se geloof in die wêreld waarin hulle geleef het. In die stede, gemeenskappe, families, gesinne en volke waarin mense tot geloof in die Here Jesus Christus gekom het, is die mag van alle afgode en tiranne in effek vernietig.

6. Deur hulle geloof in Jesus Christus het hulle afgode as afgode erken en verwerp en die totale aanspraak van mense op hulle lewe, ook erken en verwerp. Deur hulle geloof in Jesus Christus het hulle iets anders ontdek – hulle het hulle self binne die liefde van God die Vader bevind. (1)

Dit is 'n baie besondere beskrywing van ons verlossing – om jou deur jou geloof in Jesus Christus as Here, jouself binne die liefde van God die Vader te bevind. Dit beteken om te ontdek dat jy nou binne die liefde van God is.

Om binne die liefde van God te Vader te wees, bevry jou van die mag van afgode en tiranne. Dit is wat die seënspreuk van Judas oor uitspreek: deur hulle geloof in Jesus Christus bevind hulle hulself in God se barmhartigheid, vrede en liefde. Ontdek hulle God as Vader wat hulle nie vir sondes veroordeel, maar hulle barmhartig is as sondaars; ontdek hulle God die Vader wat hulle in hul gewete die vrede gee dat Hy hulle nie aankla of veroordeel vir sonde nie, maar self die offer vir hul sondes was; ontdek hulle God gee hulle liefde, al het hulle God nie lief soos Hy eis nie.

Wat gebeur in die hart van iemand wat God so ontdek?

Sulke gelowiges erken God as God! Om jouself binne sy liefde, barmhartigheid en vrede te vind, gee jou die vryheid om Hom te kan erken en eer vir wie Hy werklik is: die enigste God en Verlosser, in heerlijkheid, majesteit, krag en mag, van voor alle tye, ook nou, en tot in alle ewigheid.

Dit is Christus, die Seun van die Vader, wat ons in sy Vader se liefde insluit, wat ons weer ontsag en eerbied vir Hom as God gee, vir Hom as ons Vors en Here. Deur God se liefde skep Hy weer ons ons vir Hom ontsag en eerbied. Deur God se liefde laat Hy alle ontsag en eerbied wat ons aan afgode gee, in die niet verdwyn. Deur God se liefde het ons vir God ontsag en eerbied en vir mense respek en eer.

7. Maar goddelose mense neem Jesus op so manier aan dat hulle God en mense, alles en almal, belaglik en bespotlik maak, dit is, om God te ontheilig en mense te onteer.

Wat is die oorsaak van hierdie lewenshouding, om alles belaglik en bespotlik te maak? Dit is 'n lewenshouding waarin mense toeskouers op die openbare lewe geword het en hulself daarvan losgemaak het.

Judas beskryf dit in verse 12 en 13 4 natuurbeelde: wolke, bome, seegolwe en dwaalsterre. Hulle het Jesus só aangeneem dat hulle waterlose wolke, vrugtelose bome, bruisende seegolwe en verskietende sterre is.

Hulle is gedissosieer van die doel wat God aan hulle en hul lewe gegee het, en daarom gedissosieer van die gemeenskap waarin hulle diensbaar moet wees.

Hulle skep met hulle grootpraterig geestelikheid die verwagting dat hulle seën bring, soos wolke reën, maar hulle bewerk niks van hierdie verwagtinge nie. Hulle skep die verwagting van vrug soos bome, maar op die tyd waarin hulle die mees volwasse moet wees, lewer hulle niks op vir God en die gemeenskap nie. Hulle het die skyn van sterre wat deur hulle lig en posisie rigting en leiding gee, maar verskiet tot niet,

Christus as Vors en Here gee ons ontsag vir God en respek vir mense

sodat hulle geen rigting en leiding vir iemand kan gee nie. Inteendeel, hulle grootpraterij oor wie en wat hulle in, wys net skuim, niks van waarde nie.

En dit is hoekom hulle alles belaglik en bespotlik maak maak – hulle wil so wees: afgeskei en geïsoleer van God en mense, net besig met hulle eie drange en belange. Aan niks en niemand gebind en aan niks en niemand iets verskuldig nie – nie ontsag nie, nie eerbied nie, nie eer en respek nie.

8. Ons moet die krag van seksuele losbandigheid binne hierdie lewenshouding raaksien. Judas wys herhaaldelik op hulle seksuele losbandigheid: hulle is soos die mense van Sodom en Gomorra pervert deur gasvryheid aan mense te verruil vir seksuele driftigheid; hulle besoedel hulle liggame; hulle verstaan die krag van hulle losbandigheid instinktief; hulle laat hulle skandes opskuim en hulle leef hulle drange na goddelose dinge uit.

Met hierdie losbandigheid skep hulle die skyn van gemeensaamheid, maar dit is net 'n skerm waarmee hulle besig is om hulle selfonttrekking en selfisolasië van die gemeenskap te verhul.

Losbandigheid is mos net wat dit sê: om los te wees van God, mense en die gemeenskaplike lewe met God en mense. Dit is hoekom mense seksualiteit en erotiek gebruik – om hulle selfgesentreerdheid as gemeenskaplikheid te probeer voorhou.

Dit is mos net gewoon waar! Wat gebeur as mense in geselskap pervert raak? Skep dit samehorigheid en gemeenskaplikheid, of maak dit dat mense uit die geselskap onttrek in hulle self inkeer?

Deur hierdie perversheid verdring mense alle gemeenskaplikheid en neem hulle die geselskap oor en die gemeenskaplikheid in as hulle eie privaat ruimte. Met perversheid word gemeenskaplikheid gekaap vir mense se eie belange.

So word losbandigheid, perversheid, net 'n manier waarop mense hulself bemagtig om alles en almal belaglik en bespotlik te maak.

9. Die lewenshouding ondermyn en maak die geloof in Jesus Christus leeg.

U kan weer na die aksente van Judas teenoor hierdie self verheffende en self isolerende geestelikheid gaan kyk: hy noem ons verlossing, ons gemeenskaplike verlossing; die geloof, julle allerheiligste geloof, Christus, óns Verlosser en ons Here.

Jesus Christus verbind ons tot alles en almal. Hy stel ons nie los en teenoor alles en almal nie. Gelowiges kan nooit gedissosiasieerd leef, losgemaak van hulself, God, mense en die wêreld nie.

In Christus ontdek ons self binne die liefde, barmhartigheid en vrede van God die Vader, nie los van God nie. In Christus ontdek ons onself deel van die gemeenskap van die gelowiges. Binne die geloof ontferm ons ons oor mekaar soos God Hom oor ons ontferm het.

Christus as Vors en Here gee ons ontsag vir God en respek vir mense

In Christus bou ons mekaar op in ons geloof en diensbaarheid aan God en aan mekaar en so is ons wolke waarvan reën verwag kan word, bome waarvan vrug verwag kan word en sterre wat as rigting en leiding voor gebruik kan word.

In ons geloof in Christus het ons ontsag vir God en respek vir mense.

Dit was die misgissing van hierdie goddeloses met Christus en sy kerk: hulle het in Jesus iemand gevind deur wie hulle alles en almal kon belaglik en bespotlik maak.

Hulle het die effek van die kerk verwar met die hart van die kerk! Die hart van die kerk is om jouself in die liefde van die Vader te vind. Die effek van hierdie ontdekking is dat alle afgode en mense wat absolute mag opeis, vir jou waardeloos word en niks meer beteken nie. Alle ander gode en mense met absolute mag word vir jou lagwekkend en verspot, omdat jy in die liefde van God ontsag en eerbied vir die een en enigste God gevind het.

10. Kom ons kyk na 'n twee kerklike voorbeeld. In en deur die liefde van Jesus Christus as Vors en Here, het die eerste gemeentes hulle van die Joodse bygeloof en alle ander afgodsdienste onttrek. Dit was so diepgaande dat binne twee honderd jaar hierdie godsdienste dood geloop het.

Wat het hulle nie gedoen nie?

Hulle het nie hierdie tempels aangeval en hulle beelde gebreek omdat dit belaglik is en 'n bespotting van God maak nie. Net so het Paulus gewys dat jy saam met heidene hulle vleis wat hulle aan afgode geoffer het kan eet, as hulle dit nie spesifiek as gode-maaltyd vier nie. Jy kan gesellig met afgodsdienaars verkeer sonder om hulle belaglik en bespotlik te maak vir hulle lagwekkende en verspotte gode.

Martin Luther het dieselfde gedoen. Toe hy die evangelie weer gepreek het van die liefde van Jesus Christus as Vors en Here, het van die geestelikes dit opgeneem as motivering om die beelde van vroom mense in die Rooms Katolieke Kerk aan te val en te breek.

Martin Luther het hulle gekeer en verbied om dit te doen. Hy het gestel dat mense in hulle liefde vir Jesus Christus as Here en Vors, hulle hul eie beelde as lagwekkend en verspot moet ontdek, en self moet verwyder, maar niemand het die reg om hulle beelde te breek omdat hulle beelde lagwekkend en verspot is nie en dit was lagwekkend en verspot.

11. Die liefde van Jesus Christus, gee ons ontsag en eerbied vir Hom as ons Vors en Here. Jesus is vir goddelose mense 'n Naam wat hulle bemaagtig om alle gode en mense belaglik en bespotlik te maak.

Ook vir Jesus Christus as Vors en Here en elkeen wat ontsag en eerbied het vir Jesus as Vors en Here. Hy is die Naam in wie hulle alle godsbeelde wil stormloop en vernietig. Kyk weer na die sin: "Hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie, en dit wat hulle instinktief verstaan, veroorsaak hulle ondergang." Hulle belaster ook Jesus as Vors en Here omdat hulle instinktief aanvoel, dat sy gesag hulle verbind

Christus as Vors en Here gee ons ontsag vir God en respek vir mense

aan mense, die gemeenskap en diensbaarheid en dit is net waaraan hulle nie gebind wil wees nie.

Ons moet hierdie verskil tussen ons as gelowiges en goddeloses raaksien en eien!

Dit is ons liefde vir Jesus Christus ons Vors en Here wat ons alle ander gode en absolute mense se lagwekkendheid en verspotheid laat raak sien. Dit is hulle geloof en grootdoenerige houding waarmee hulle hulself lagwekkend en verspot maak.

Maar ons maak hulle nie belaglik en verspot deur hulle te beledig, te krenk, te onteer, te verneder en te verkleineer en hul karakter te skend nie. Ons kan nie want ons liefde vir Jesus Christus as Here en Vors verbind ons om ook hulle as mense te respekteer vir hulle menswees. Al maak hulle hulself lagwekkend en verspot.

12. Waarin herken ons hierdie lewenshouding – om alles belaglik en verspot te maak in die Naam van Jesus, maar wat wat Jesus as Here en Vors minag en geen ontsag het vir Hom as God nie?

12. Judas wys dit vir ons uit: hulle mor en vind fout met alles! Hulle het toeskouers van die openbare lewe geword en sien hulle nie meer deel van die openbare gemeenskap nie. Daarom word alle openbare persone en optredes deur hulle belaglik en bespotlik gemaak want niks is meer ooit reg nie. Met alles word fout gevind en oor alles word gemor.

Hierdie lewenshouding is ook besig om in ons gemeenskap op te staan!

As 'n mediese beampte wys op die las wat onwettige immigrante op mediese dienste plaas, word sy belaglik gemaak terwyl dieselfde mense terselfdertyd mor oor die onbeheerde instroming. As 'n minister onwettiges uit die land wil sit, word hy summier veroordeel en bespotlik gemaak. As ons president openbare plundering van staatsondernemings probeer stop, word hy hierin bespotlik gemaak.

Mense wat as toeskouers met alles fout vind en oor alles mor, ook oor die kerk wat in alles belaglik gemaak word.

Wanneer laas het u iemand gehoor wat waardering uitspreek teenoor mense in openbare posisies en sake wat in hul belang gedoen word? Wanneer laas het u respek gesien vir mense wat volgens Judas reënwolke, bome wat vrug dra en sterre is wie se lig gevolg kan word, is?

Wanneer laas het u ontsag en eerbied vir Jesus Christus as Vors en Here gesien en gehoor? Die Here wie nie mense se droom-maatjie is nie!

13. Gelowiges kan nie toeskouers op die lewe word nie.

Toeskouers van wie jy niks kan verwag en waarvoor jy op niks voor op kan staat maak nie: waterlose wolke, vruglose bome, verskietende sterre wat net die skuim van hulle eie drange en belange op klots nie.

Die Here wie ons eer en voor ontsag het, in Hom het ons God die Vader se liefde vir ons en sy skepping gevind, nie 'n Naam waarmee ons alles belaglik kan maak nie.

Christus as Vors en Here gee ons ontsag vir God en respek vir mense

Kom ons vind weer ons ontsag en eerbied vir God in sy liefde vir ons as Vader. Kom ons vind in ons ontsag en eerbied vir God weer respek vir mense, terwyl ons vrymoedig kan grappe maak oor mense wie hulle self belaglik en verspot maak.

Kom ons breek met die lewenshouding waar ons as toeskouers op die lewe alles belaglik en bespotlik maak en ons disassosieer van God en die gemeenskap, om in 'n eie selfopgemaakte wêreld net met my eie drange en belange besig te kan wees.